

Grondbeginsels

Uitgawe 95: August 2021

Ons is in die tweede helfte van 2021 en ons wil graag weer na 'n paar finansiële beginsels kyk. Dit herinner ons daaraan dat uitstekende finansiële resultate gewortel is in enkele beginsels. **Die formule vir hoe om goed met geld te werk, is eenvoudig.** Ons gewoontes (terwyl ons 'n eenvoudige formule implementeer) staan soms in die pad. Hoe eenvoudig dit ook al mag lyk, bly hierdie universele waarhede vir beleggers en beplanning. Soos Charlie Munger graag sê: *"Dit wat afgesaag is, werk!"*.

Ons kern bestanddele

Wees geduldig: Dit is vir die meeste beleggers 'n stryd. Ons verwag onmiddellike resultate. Ongelukkig bly die beweging van finansiële markte buite ons beheer. Charlie Munger het ook gesê: *"Opbrengste lê nie in die koop en verkoop nie, maar in die wag"*.

Moenie meer as jou beplande inkomste spandeer nie: Dus, ons moet binne ons vermoëns lewe. Is ons verwagtinge te groot? Ongelukkig skryf ons moderne leefstyl sekere behoeftes voor, maar is dit regtig nodig? Hoeveel skuld is te veel?

Maak voorsiening vir saamgestelde groei: Meer as wat ons ooit kon droom, sal saamgestelde opbrengste met verloop van tyd, beduidend meer bydra. Die meeste van ons sal verbaas wees wanneer ons 'n saamgestelde rentetabel bestudeer. Die resultate is beslis nie intuïtief nie. Indien u $8+8+8+8+8+8+8+8$ bereken, kan u dit waarskynlik binne 'n paar sekondes doen (72). Sou ons $8 \times 8 \times 8 \times 8 \times 8 \times 8 \times 8 \times 8$ wou bereken, verkies ons 'n sakerekenaar (134,217,728). Dit is 'n alombekende feit dat Warren Buffett die grootste deel van sy fortuin na die ouderdom van 60 opgebou het (ongeveer \$70 miljard van sy geskatte netto waarde van \$100 miljard). 'n Minder bekende feit is dat hy op 6-jarige ouderdom borrelgom van deur-tot-deur begin verkoop het en op 10-jarige ouderdom begin het om sy spaargeld te belê. Op die ouderdom van 30 het Mnr. Buffett reeds ongeveer \$10 miljoen opgebou (natuurlik aangepas vir inflasie). As hy 'n meer "normale" lewe gevolg het deur gedurende sy twintigerjare onbeheersd te spandeer en op 60 afgetree het om gholf te speel (en as hy aanvaar het dat hy gedurende 'n loopbaan van dertig jaar dieselfde beleggingsopbrengs gehad het), sou sy rykdom ongeveer \$12 miljoen beloop – dit is 99% minder as wat hy eintlik het! Saamgestelde opbrengste oor dekades is dus 'n goeie rede om ons finansiële gewoontes te herevalueer.

Volhard: Bly aanhoudend die maandelikse beleggings-bydraes maak ongeag van die onlangse markprestasie en verwarrende beriggewing van die media. Sommige bestee te veel tyd en moeite om die hoogste beleggingsopbrengste te probeer verkry (Bitcoin, Ethereum ens.). Dit lyk intuïtief as 'n praktiese manier om ryk te word. 'n "Gesonde" belegging gaan egter nie altyd oor die beste opbrengste nie. Dikwels is daardie opbrengste eenmalige treffers wat nie gereeld of genoeg herhaal word nie. Om 'n redelike opbrengs vir die langste tydperk konsekwent te verdien, dra heelwat meer gewig. Saamgestelde rente doen fenomenale werk wanneer beleggers aanhou!

Tree meer passief op: Daar is twee komponente nl. 1) Beleggers moet nie te veel probeer verander nie. Om niks te doen is ook 'n keuse (en soms ook die regte keuse). **Goeie beleggings moet onder skadelose verwaarloosing ly.** 2) Belê die grootste deel in meer koste doeltreffende indeksfondse. Daardeur kan die 'leke-belegger' eintlik beter presteer as die meeste beleggers. Passiewe indeksfondse is 'n uitstekende alternatief tot duur aktiewe bestuur van beleggingsportefeuljes, waar hoë fooie en prestasie-formules afbreuk doen aan die beleggingsopbrengste oor die langer termyn.

'n Finansiële plan en implementering

'n Gedetailleerde finansiële plan bied 'n padkaart vir

praktiese finansiële besluite wat u raak. So 'n finansiële plan gee u die beste moontlike kans om u lewensdoelstellings en langtermyn finansiële gemoedsrus te verkry. Hier is tien belangrike redes om 'n finansiële plan te hê en te volg:

1. **Stel doelwitte:** 'n Finansiële plan stel u in staat om behoeftes te identifiseer. Doelwitte kan bv. 'n nuwe motor, vakansie, gesinsbehoefte, ideale wat studies in die buiteland of enige toekomstige kontantvloei-behoefte kon insluit.

2. **Noodgevalle en onverwagse gebeure:** Die meeste van ons het 'n fonds nodig om voorsiening te maak vir enige onvoorsiene of onvermydelike gebeurtenisse. Die vuisreël is dat 'n mens minstens 3 maande se inkomste moet hê vir 'n krisis sodat die primêre doelstellings nie beïnvloed word nie. Die beveiliging van u gesin is 'n belangrike aspek. Beplanning is beter as krisisbestuur.

3. **Om af te skaal, of om op te hou werk:** Aftree-beplanning kan waarskynlik die belangrikste komponent wees, aangesien meeste individue nie weet hoeveel hulle gedurende hulle latere lewensjare benodig nie. **Die hoofdoel is sekerlik om u lewenstyl te handhaaf.** So 'n plan en berekening bied sigbaarheid van waarheen u op pad is, wat u kan bekostig en hoe lank u spaargeld kan hou.

4. **Belastingdoeltreffendheid:** 'n Belangrike deel van die formulering van 'n finansiële plan behels die strukturering van beleggings en inkomste op so 'n wyse dat belasting so ver moontlik versag word. Klein belastingbesparings kan 'n wesenlike verskil maak aan die volhoubaarheid van u beleggings op die langtermyn. 'n Gekwalifiseerde finansiële beplanner kan u help om u portefeulje optimaal te struktureer.

5. **Inflasie en toekomstige koopkrag:** Inflasie vernietig u koopkrag oor tyd. Met 'n inflasiekoers van 6% per jaar verminder die koopkrag oor 12 jaar met die helfte! 'n Portefeulje met te veel kontant kan nie inflasie klop nie (met die rente wat na belasting verdien word). Gedetailleerde berekeninge sal u beter voorberei op die toekoms.

6. **Gebeurlikheid:** Hoe beskerm u u inkomste, familie, ander afhanklikes of u finansiële welstand teen 'n onvoorsiene gebeurtenis? 'n Finansiële plan help ook om die vlak van beleggingsrisiko te bepaal wat benodig word om te verseker dat 'n spesifieke leefstyl volhoubaar is.

7. **Boedelbeplanning:** So 'n ontleding help individue om verskillende belastingimplikasies by die dood te evalueer en hoe vinnig hul afhanklike(s) of begunstigdes toegang tot hul fondse sal kry. Is daar 'n testament? Is dit geldig? Wie is die eksekuteur? Indien daar nie die regte struktuur in plek is nie, kan dit maklik meer as 24 maande neem om 'n boedel af te handel. Dit kan afhanklikes moontlik in 'n moeilike situasie laat. 'n Goeie plan sal u help om u plaaslike en buitelandse boedels optimaal vir u erfenis te struktureer.

8. **Likiditeit:** Likiditeit beteken daar is toegang tot genoeg kontant. Likiditeit verseker dat daar voldoende fondse beskikbaar is om u doelwitte en onvoorsiene koste aan te vul, bv. 'n belastingaanspreeklikheid wat betaal word sonder dat u 'n vaste bate of goeie belegging moet realiseer.

9. **'n Langtermyn-beleggingstrategie:** Dit is noodsaaklik om 'n strategie saam te stel wat ooreenstem met u risiko-profiel en u doelwitte ondersteun. 'n Strategie moet die regte balans van ekwiteit (aandele), effekte, eiendom, kontant en buitelandse beleggings insluit om die gewenste uitkoms te verseker.

10. **Werk saam met 'n gekwalifiseerde en geregistreerde finansiële beplanner:** Stel 'n gekwalifiseerde en ervare persoon aan om 'n omvattende persoonlike finansiële plan op te stel en te monitor. Dit sal verseker dat 'n proses in plek is met gereelde hersiening. So 'n beplanner moet geregistreer wees by die plaaslike FSCA (*Financial Services Conduct Authority*) wat finansiële dienste in Suid-Afrika reguleer.